



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.
4 Julie 2021

Vanoggend se erediens

Tema: Van haastigheid kom lastigheid

Skriflesing: 1 Samuel 13:13

Wat was Saul se groot probleem? Ongehoorsaamheid is darem 'n te algemene woord. Ek dink ons moet ander woorde byvoeg, soos eiesinnigheid en koppigheid en ongeduld en ongeloof. Dit was alles deel van Saul se probleem. Hy het sy eie kop gevolg en wou nie wag op die Here se leiding nie. Hy wou God dwing om op te tree op 'n tyd en soos hý dit wou hê, en toe dit nie gebeur nie, neem hy die reg in eie hande ...



Só glo ons

Heidelbergse Kategismus

Vraag 21: Wat is 'n ware geloof?

Antwoord: 'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het, vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue, wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie maar ook aan my uit louter genade slegs op grond van die verdienste van Christus vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid, geskenk het.

Ek glo ...

Ons Program

Vanweë die nuwe inperkingsmaatreëls wat die president afgekondig het, sal ons minstens die volgende twee weke slegs aanlyn-eredienste hê. Ons sal dié besluit in herooring neem soos die omstandighede verander.



Vandag:

📧 **Aanlyn diens** om 9:30 olv ds. Jaco Thom

📧 **Sondagskool** - Geen

📧 **Deuroffer:** Jan Krielskool

Sondag 11 Julie:

📧 **Aanlyn diens** om 9:30 olv ds. Jaco Thom

📧 **Sondagskool** - Geen

📧 **Deuroffer:** Rut

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Veels Geluk

Julie

4 Stefan Botha; Miandi van Loggerenberg

5 Mona Cornwell

6 Andre Hugo

7 Jaco Terblanche

8 Magda van der Watt; Eldore Venter

9 **Lucia Cohn (83j); Jan Kruger (83j)**

10 Amanda Strydom; Fanie Ward

Voorbidding

- Bid vir Petrusburg en almal wat die laaste tyd geraak is deur Covid 19. Baie sterkte, ons bid dat elkeen ten volle sal herstel.

Bybels

Lidmate word genooi om asseblief bietjie by hul vriende, werkers, huis- en tuinwerkers uit te vind of hulle Bybels nodig het of benodig en asseblief vir Phillip du Plessis in kennis te stel.

Hulle het Engels, Afrikaans en S/Sotho Bybels en ook 'n klompie boekies in dieselfde tale vir kinders waarin die verhaal van Jesus vertel word.

Phillip du Plessis: 084 969 2634 & Elize du Plessis: 082 333 5012

Leraar:	Jaco Thom	084 523 1157	jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Kantoor:	Madette Lombaard	053 574 0279	ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis:	Elmien Thom	084 562 3434	elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster:	Annamarie Dercksen	072 499 4262	annamarie.dercksen@yahoo.com
Webwerf	www.ngkerkpetrusburg.co.za		facebook NG Kerk Petrusburg
Kantoorure	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
Bankrekening	ABSA Tjekrekening 2610580001		